## REDAKSIONEEL

### DIE HOOFREDAKTEUR SPAN UIT



*Dit is met leedwese dat ondergetekende moet aankondig dat dr. K. S. van Wyk de Vries die Redaksiekommissie in kennis gestel het dat hy nie meer sy weg oopsien om as hoofredakteur van IN DIE SKRIFLIG op te tree nie. Enigeen wat op hoogte is met die werksaamhede van dr. Van Wyk de Vries moes hom al meermale afgevra het: Hoe bolwerk hy al sy verpligtinge? Ons vind dit nietemin baie jammer dat hierdie blad nou sy dienste verloor.*

*Wanneer ons 'n kort waardering vir die werk van ons uittredende hoofredakteur op skrif stel, moet ons hom in die eerste plek roem as 'n man met visie. Dit is hy wat hom sedert die vyftigerjare onvermoeid beywer het vir die stigting van 'n Gereformeerde Teologiese Vereniging en daarby reeds onomwonde die ideaal van 'n eie tydskrif gestel het. Daaruit is sy intense belangstelling vir en in die Gereformeerde teologie in Suid-Afrika duidelik.*

*Na die stigting van die G.T.V. het hy volhard met die stelling dat 'n eie orgaan noodsaaklik en moontlik is. Waar daar aanvanklik twyfel was of daar genoegsaam kopie vir so 'n blad sou wees, het hy aangedring dat die blad eenvoudig die lig moet sien. Dit is dan ook op sy inisiatief wat die „waagstuk" met IN DIE SKRIFLIG aangegaan is. Tot dusver was kopie nog nie die probleem vir die blad nie. Met die kenmerkende stempel van deeglikheid het dr. Van Wyk de Vries in Oktober 1966 die eerste nommer van 33 bladsye uitgegee. Oor vier jaargange heen het tot op datum 14 uit-*

*gawes verskyn en hierdie vyftiende nommer is ook nog grootliks deur hom voorberei. Die artikels wat tot dusver in die tydskrif gebundel is, verryk ongetwyfel ons Gereformeerde teologie wat sonder IN DIE SKRIFLIG oneindig armer sou gewees het.*

*Die pionierswerk aan so 'n blad vereis ook administratiewe talent. Ja, om 'n wetenskaplike blad uit te gee met eintlik net ons Gereformeerde predikante as moontlike ondersteuners, kos selfs moed! Dr. Van Wyk de Vries het ook hierdie taak op hom geneem. In hierdie opsig wil ons ook graag die onskatbare waardevolle dienste van mev. Van Wyk de Vries noem. Hulle twee, of eintlik die gesin Van Wyk de Vries, het die finansiële administrasie en die verspreiding van die blad behartig. Om te sê dat hulle dit kosteloos gedoen het, is 'n halwe waarheid. Hulle het self met elke uitgawe 'n groot deel van die versendingskoste, indien nie alles nie, gedra. Vandag is die administrasie van die blad en sy geldsake op datum.*

*Dit is gevolglik met heimwee wat ons die blad uit die hand van dr. Van Wyk de Vries ontvang. Ons betuig ons opregte dank en waardering aan hom, sy eggenote en hulle kinders vir die onbaatsugtige dienste in belang van die G.T.V., IN DIE SKRIFLIG en die Gereformeerde Teologie. Ons vertrou dat ons nog steeds vorentoe op dr. Van Wyk de Vries se medewerking kan staatmaak, omdat ons in hom, sedert sy promosie in 1949 aan die P.U.K. in die vak Dogmatiek met as proefskrif „Die realiteit van die Koninkryk van God", werklik 'n teoloog het wat student gebly het. Daarvan getuig verskillende publikasies, voordragte en sy wye arbeid. Ons is dankbaar dat ons ook juis in hierdie uitgawe 'n voordrag kan publiseer wat hy voor die G.T.V. van Pretoria gedurende verlede jaar gehou het.*

*Die Redaksiekommissie vind dit tans moeilik om saam te kom. Ondergetekende het ingewillig om ondertussen as hoofredakteur op te tree, totdat aan die nuwe situasie offisieel aandag gegee kan word.*

*Die tydelike adres vir alle sake rakende IN DIE SKRIFLIG is nou Posbus 59, Hammanskraal.*

*B. Spoelstra (lid van redaksie en voors. van die hoofbestuur).*